Saterdag 8 Augustus
Skrifgedeelte: Spreuke 14:26-30 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Spreuke 14:29
Die geduldige mens is ryk aan verstandigheid

In hoofstuk 1 leer die Spreukedigter dat hy ons wysheid wil leer om woorde van insig te verstaan, begrip wil kweek, goeie oordeel aan te leer. 'n Wyse mens sal luister. Hy preek nie. Hy gebruik sake uit die algemene lewe en skets gevolge van regte en verkeerde optrede as lesse. Dit is geldige lewenswaarhede vir enigeen. Dit geld presies net so vir ongelowiges. Wie ag gee, sal begrip en wysheid aanleer.

Hier gaan dit oor geduld. 'n Verstandige mens sal geduld aan die dag lê. Wie gou sy humeur verloor, kom nie ver in sy omgang met mense en in verhoudings nie. Hy stel dwaasheid ten toon.

Maar, leer die Spreukedigter ons: Wysheid begin met die vrees van God. Dit is nie angs nie, maar agting, ontsag vir sy grootheid, erkentlikheid teenoor God.

Vir ons wat glo, was sy geduld oneindig. Volgens sy raadsplan het Hy alles vooruit bekendgemaak deur die profete en laat gebeur: Hy het sy Seun gestuur om geduldig met dié vir wie Hy gekom het, ons wat skuldig was, los te koop as sy eiendom, nog nader: as sy kinders.

Hoe leer ons elke aspek van wysheid aan? Plaas elke faset van jou optrede onder sý bestuur. Hý regeer. Jy hoef nie jou humeur teenoor ander te verloor nie, want dit toon ook dwaasheid in jou begrip van jou verlossing.

Wees wys voor God en geduldig met mekaar en jou naaste. Vers 27: Ontsag vir die Here is 'n bron van lewe ... en vers 30: 'n Kalm hart gee lewe aan die liggaam. Wees ryk aan verstandigheid.

*Sing: Psalm 1-1:1, 2, 3; Psalm 25-1:2, 6, 7; Lied 251:2, 3*

*Ds. J (Jan) Malan (Emeritus)*